Entrepreneurshoekie:

Stuur gerus versoeke vir bekendstelling in na Colleen: admin@gksasolburg.co.za of na Omgeegroep: gksasolburg@mweb.co.za So dikwels as wat ons kan maak ons plek daarvoor. Die doel is ook dat ons mekaar beter kan leer ken.

Riana Nel (063 731 9399/ 081 510 7938) doen naaldwerk bv. omsoom, ritssluiters en herstelwerk aan klere. Kontak haar gerus.
Aileen Gouws (082 333 1333) pas graag jou huis en diere teen vergoeding op as jy met vakansie of naweek weg is!
Heleen vd Merwe (Tollie) verkoop afrolpapier teen heelwat goedkoper as in die winkels. R270.00 per boks. Kontak haar asb by 072 503 3754
Annetjie van der Westhuizen (0795435627) help met spyseniering, onthale.
Alet Koekemoer (0767338019) voorbereiding van maaltye en heerlike soppe vir die winter.
Debbie v Schalkwyk (0825987090) verkoop Sekelbos en kameeldoring braaihout en dit wissel tussen R20 en R25 per sak. Daar is ook Charcoal, Brikette, vuuraanstekers en speserye. Koop ook gerus by haar skoonmaakprodukte soos skottlegoedseep, waspoeier en algemene skoonmaakmiddels
Debbie kyk ook teen vergoeding na vakansiegangers se huise/versorg diere/gooi plante nat
Werner Roos (0834466395) doen installasie van lugversorgers, dienste en herstelwerk.
Calvin Kotzé (0766037914) skilder baie goed. Hy maak 'n skildery wat by u kleurskema inpas. Kontak hom gerus.
Freda Redelinghuys (0826595523) maak spookasem vir enige geleentheid

(Indien u u naam wil verwyder/byvoeg, kontak gerus ook vir Colleen)

VERJAARSDAE

29 Okt Sainkie Du Plooy (Belydend)	0169324348
29 Okt Danie Joubert (Belydend)	0169711591
29 Okt Zak van Schalkwyk (Doop)	0169760238
30 Okt Anet Vorster (Belydend)	0169733200
1 Nov Johan Groenewald (Belydend)	0725850994
2 Nov Bianca Ranger (Doop)	0169768727
2 Nov Jan Venter (Belydend)	0169767708
3 Nov Fanie Appelcryn (Belydend)	0169765412
3 Nov Eduan Human (Belydend)	0169760800

Iets Nuu(†)s

Efesiërs 4:16
Hy is immers die Hoof, en uit Hom groei die hele liggaam. Die verskillende liggaamsdele pas by mekaar en vorm saam 'n eenheid. Elkeen van hulle vervul sy funksie, en so bou die liggaam homself op in liefde.

28 Oktober 2018

Inligting:

Gereformeerde Kerk Sasolburg. h/v Faickney en van Eckstraat
Leraar: Marcel Floor 0828285811
Admin: Colleen Koekemoer – 016-976 5094 / 082 855 4769: admin@gksasolburg.co.za
webwerf: www.gksasolburg.co.za ;
Webblad:www.gksasolburg.co.za
Barmhartigheid: Tommy Bezuidenhout 0828866822
Geboue: PJ Gouws – 079 492 8404 **Koster**: Sandra vd Sandt 083 457 8904
Omgeekantoor: Di-Vry 9:00-12:00 016 976 7785 epos: omgee@gksasolburg.co.za

DIENSBEURT: BLOK A

Kollekte by deure: Notekollekte: Kerkkas
Kollekte onder diens: Barmhartigheid

WOORDBEDIENING –

Rom. 3:9-31 (83 Vertaling)
Fokusverse: Rom. 3:21-24 (53 Vertaling)
HK Sondag 23

Tema: Nogtans regverdig!

- **Wat baat dit my… dat ek glo?**
  - Ek is deur die geloof in Jesus ingeplant en dus een met Hom. (1 Joh. 15:1-8)
  - Omdat ek een met Jesus is, deel ek in sy regverdig wees voor God. (v. 22, 24 53 AV)

- Omdat ek regverdig is, word ek vrygespreek, en ontvang ek die ewige lewe. (v. 21-24, Rom. 1:17, Joh. 3:36)

B. Hoe word ek regverdig voor God?

- Beeld van 'n hofsaak:
  - God is die Regter. (v. 21, 24, 26)
  - Ons is die beskuldigdes.
  - Die aanklaer is ons gewete.
  - Op ons klagstaat staan:
    - Swaar teen al God se gebooie en alles in sy Woord gesondig.
    - Nie eers een van God se wette behoorlik nagekom nie.
    - Gedurigdeur geneig tot sonde. (Rom. 3:9-19, 7:18-23)
  - Die Regter behoort net een vonnis te gee – die ewige dood (Gen. 3:3, Rom. 6:23).
  - Christus tree op as ons Borg, en dra al ons skuld in ons plek – die groot ruil.
  - Daarom bevind die Regter, dat jy regverdig is voor Hom, en daarom spreek Hy jou vry (v. 22 & 24).
- Hoekom doen die regverdige Regter dit?
  - Hy doen dit uit genade, sonder enige verdienste van jou kant (v. 24).
- Hieraan het ek deel vir sover ek dit met 'n gelowige hart aanneem (v. 22, 24, Joh. 1:12).

C. Geloof is net die hande – dit is Jesus wat red.

- God gee geloofshande (Ef. 2:8).
- Met my geloofshande vat ek wat Jesus gedoen het, en maak dit my eie. (Joh. 1:12).
- Met my geloofshande bied ek dit wat Jesus gedoen het aan voor God.
- Dit is nie my geloofshande wat my red nie, maar dit wat in my hande is wat my red... dit wat Jesus gedoen het.

DATUMS 2019 !!!!!!!!

Ouderlinge, diakens, diensgroepleiers – Dit is weer tyd vir die opstel van die jaarprogram vir 2019. Stuur asseblief julle datums vir aksies, vergaderings ens van volgende jaar na admin@gksasolburg.co.za voor/op **31 Oktober 2018**.

PANNEKOEKBAK

Ons bak weer 3 November pannekoek by Vaalpark Spar. Ons sal weer twee spanne hê met 'n verkoper, runner, 2 x strooiers en 3 x bakkers – 8:00 tot 11:00 en 11:00 tot 14:00. Laat asb vir Jacqueline (071 683 2472) indien jy bereid is om te help. Dis die laaste pannekoekbak vir die jaar.

VERGADERINGS

Vergaderings vir die week:
Maandag 29 Oktober – Omgeebedieningsraad om 18:00
Woensdag 31 Oktober – Uitreikbedieningsraad om 18:00
Donderdag 1 November – Groepebedieningsraad om 18:00

Vergaderings vir volgende week:
Maandag 5 November – Erediensbediening om 18:00
Woensdag 7 November – Adminbediening om 18:00

Maandag 12 November is die ouderlingvergadering om 18:00